

1 Julie

Nehemia 3:1-32

Geloofsgroei vra samewerking en beplanning

Ons sien vandag hier nie maar 'n klomp name wat niks vir ons beteken nie. Die Here leer ons dat geloofsgroei samewerking van almal vra, almal in my gesin of gemeente. Die Kerk is die liggaam van die Here. Elkeen het sy taak en funksie en so bou die liggaam homself op in liefde.

Die mense het nie sommer elkeen soos hy wil en waar hy wil begin met die bouwerk nie. Daar was deeglike beplanning, biddende beplanning. Want as die Here die huis nie bou nie, tevergeefs die wat daaraan bou.

Kyk na die eenheid en verskeidenheid van die gelowiges in hul aanpak van die bouwerk: Almal het saamgewerk, langs mekaar gewerk, beginnende by die priesters (1), elke familie begin voor sy huis, pa en ma, seun en dogter, die smede en salfmengers (8), die gesagvoerder en sy dogters (12), die Leviëte (17) en die tempelslawe (26), selfs die handelaars was betrokke (32). Dit is hoe die Here wil hê sy kerk moet lewe (Joh. 17:10 en 1 Kor. 12).

Elkeen van ons het verskillende gawes van die Here ontvang. Elkeen se persoonlike omstandighede verskil. Tog vra God van elkeen van sy kinders om saam te werk in die opbou van sy kerk. Elkeen moet by sy eie huis begin.

Hoe verskriklik klink vers 5b nie: "maar hulle vooraanstaande mense was nie gewillig om swaar werk te doen vir hulle Here nie". Mag ek nooit onwillig wees om vir die Here te werk nie!

Watter gawes het ek van die Here ontvang wat Hy in my huis en in sy Huis wil gebruik? Waar wil Hy my gebruik in die opbou van sy kerk? Waar kan ek ander help in hulle geloofsgroei?

Ons loof U Vader in die Hemel, dat U ons as klein en nietige mense wil gebruik in U diens. Dankie vir die gawes wat U aan ons gegee het. Lei ons om ons gawes altyd tot nut en saligheid van ander en tot opbou van U kerk te gebruik. Gee die werking van U Gees sodat ons as gelowiges sal saam beplan en saam sal werk tot U eer.

Sing Psalm 107:1, 10,20

Ds. J.P. van der Walt (Durban)